# 6. OPVOEDENDE ONDERWYS NA UNIEWORDING

## 6.1 ALGEMENE OORSIG

### 6.1.1 Die Uniegrondwet en die Onderwys

Op 31 Mei 1910 het die vier Britse kolonies in Suid-Afri= ka verenig in die Unie van Suid-Afrika. Aangesien al vier voormalige kolonies besware gehad het teen 'n suiwer uniale vorm van regering is beperkte magte rakende die bestuur van eie sake, waaronder onderwys ook geressorteer het, aan die provinsies opgedra. Ooreenkomstig die Suid-Afrika-Wet van 1909 is dit aan die provinsies oorgelaat om binne die raamwerk van "Uniale Onderwysbeleid" ordon= nansies te passeer ten einde hul eie onderwys te reël. Hiermee het 'n stelsel van dubbele kontrole in die onder= wys, veral ten opsigte van hoër onderwys, begin en wat gelei het tot oorvleueling en geldverkwisting. (1)

### 6.1.2 Die Onderwyswette van 1967

Met die onderwyswette van 1967 is deur die sentrale rege= ring getrag om die stelsel van verdeelde beheer oor die onderwys te beëindig en grondbeginsels vir eenvormige onderwys in Suid-Afrika te skep.

#### 6.1.2.1 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid

Deur hierdie wet het die sentrale regering beheer oor alle vorme van onderwys in Suid-Afrika verkry en is die

---

(1) Barnard, S.S. en Coetzee, A.G.: Onderwys aan Blankes in Transvaal, pp. 168-169.

stelsel van dubbele kontrole beëindig. (2)

Die Minister van Nasionale Opvoeding sou vanaf 1 Januarie 1968 verantwoordelik wees vir die bepaling van onderwys=beleid, na oorlegpleging met die administrateurs van die vier provinsies en die Nasionale Onderwysraad. (3)

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid het breë grondbegin=sels neergelê waarvolgens onderwys in Suid-Afrika gereël moes word. Dit het die volgende ingesluit: alle onderwys in staats- en staatsondersteunde skole moet Christelik wees (art. 2a), die onderwys moet 'n breë nasionale karak=ter dra (art. 2b), die onderwysmedium moet die moedertaal wees (art. 2c), eenvormige skoolpligvereistes (art. 2d), gratis onderwys in staatskole (art. 2e), gedifferensieerde onderwys in landsbelang (art. 2f), koördinasie van silla=busse, kursusse, eksamenstandaarde, beplanning en navor=sing op nasionale grondslag (art. 2g), ouermedeseggenskap in die onderwysstelsel (art. 2 h), oorweging van aanbeve=lings van die amptelike onderwysersverenigings (art. 2i) en eenvormige diensvoorwaardes en salarisskale vir alle onderwysers (art. 2j). (4)

### 6.1.2.2 Die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys

Wet no. 40 van 1967 het die Kaapse, Natalse, Pretoriase en Witwatersrandse tegniese kolleges as kolleges vir gevorderde tegniese onderwys verklaar. (5)

---

(2) Barnard en Coetzee, op. cit., p. 180.
(3) Wet no. 39 van 1967, art. 2.
(4) Van der Walt , op. cit., p. 179.
(5) Wet no. 40 van 1967, art. 4.

### 6.1.2.3 Die Wet op Onderwysdienste

Volgens Wet no. 41 van 1967 sou die provinsies verantwoor= delik wees vir alle onderwys tot standerd 10 terwyl die sentrale regering verantwoordelikheid aanvaar het vir alle tersiêre onderwys. Hierdie wet het die stelsel van dubbele kontrole wat sedert 1910 geheers het, beëin= dig. (6)

## 6.2 ONDERWYSONTWIKKELING IN NATAL SEDERT 1910

### 6.2.1 Die uitbreiding van skoolplig

Fenomenale groei op onderwysgebied het vanaf 1910 in Natal plaasgevind toe primêre onderwys vanaf 31 Januarie 1910 verpligtend gemaak is. Alle blanke kinders tussen die ouderdomme van 7 tot 14 jaar wat nader as 3 myl van 'n staatskool gewoon het, is verplig om skool te gaan. Alleenlik kinders wat verder as 3 myl van 'n staatskool gewoon het en vir wie daar geen departementele vervoer beskikbaar was nie of wat bewys kon lewer dat hulle reeds in standerd 5 geslaag het, was onder hierdie wet vrygestel van skoolplig. (7)

Gratis onderwys is nie met die instelling van skoolplig ingevoer nie, maar die Departement het finansiële hulp verleen aan behoeftige leerlinge ten opsigte van vervoer, losies, maaltye en kleding. (8) Ses skoolbesoekbeamptes is dan ook in 1911 aangestel om die ouers aan te moedig

---

(6) Wet no. 41 van 1967, art. 2 (1).

(7) Natalse Wet no. 6 van 1910.

(8) Steenkamp, op. cit., p. 179.

om hul kinders skool toe te stuur. (9)

Hoewel die skoolbywoningsyfer teen 1912 reeds tot 86% gestyg het, het die Superintendent van Onderwys die be= hoefte beklemtoon dat skoolplig uitgebrei word tot alle blanke leerlinge, afgesien van die 3 myl-beperking. Wet no. 6 het ook 'n groot leemte gelaat ten opsigte van sekondêre onderwys. Die Superintendent van Onderwys het in 1911 berig dat daar 'n groot aantal kinders in die Noordelike Distrikte was wat nog geheel en al ongelet= terd was. (10)

In 1914 is daar aanbeveel dat skooltoelating op ouderdom 6 en verpligte skoolbywoning tot op ouderdom 15 ingestel moes word. Hierdeur het die getal leerlinge in Natal gestyg van 18 520 tot 27 647. (11)

In 1918 is die Primêre Onderwys Ordonnansie ingevoer waardeur die betaling van skoolgeld in primêre skole afgeskaf is. (12)

Wetgewing deur die Unieparlement in 1931 het ook gratis sekondêre onderwys uitgebrei tot op ouderdom 15 jaar. (13)

### 6.2.2 Finansiële aangeleenthede

Die stelsel van losiessubsidies wat in 1907 in die Noorde=

---

(9) Sansbury, op. cit., p. 9.
(10) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1911).
(11) Sansbury, op. cit., p. 11.
(12) Natalse Proklamasie no. 16 van 1918.
(13) Sansbury, op. cit., p. 6.

like Distrik deur die onderwysowerheid ingestel is ten einde behoeftige kinders op skool te kry, is in 1910 verbeter toe besluit is om losiesbeurse te verhoog van R5 tot R6 per maand in die geval van seuns en R7 per maand in die geval van dogters. Hierdie toekennings is gedoen aan kinders tussen die ouderdomme 7 en 14 jaar wie se ouers nie vir hul losies kon betaal nie. Toeken=nings is gedoen indien die losies van 'n bevredigende aard was en indien 'n sertifikaat van bywoning getoon kon word. Leerlinge wat nader as 3 myl van 'n skool gewoon het of aan 'n plaasskool verbonde was, het nie in aanmer=king gekom vir hierdie finansiële toekennings nie. (14)

In 1912 is besluit om, ten opsigte van staatsondersteun=de skole, die skoolgrond van die betrokke eienaar te huur vir 'n periode van 10 jaar. Daarbenewens sou die Departement 'n derde (tot 'n maksimum van R300) van die koste vir die oprigting van 'n skoolgebou voorskiet. Alternatiewelik kon die Departement gebruik maak van voorafvervaardigde opslaangeboue, in welke geval die skoolkomitee dan geen seggenskap oor die gebou sou hê nie. (15)

Aangesien klein skooltjies op die platteland baiemaal probleme ondervind het om onderwysers te bekom, het die Departement ook gepoog om in hierdie opsig deur finansiële steun verligting te bring. In 1921 is dan ook aanbeveel dat "special inducements be made to teachers to take posts in the country, to include pay and comfortable quarters". (16)

---

(14) Natal Provincial Gazette, 1911, p. 720.

(15) Sansbury, op. cit., p. 21.

(16) Ibid., op. cit., p. 31.

### 6.2.3 Sentrale en plaaslike beheer in Natal

Oor die algemeen is die status quo ten opsigte van die beheer van onderwys tot op hede in Natal gehandhaaf. Die beheer oor die onderwys in Natal berus by die Direk= teur van Onderwys van Natal. Oor die gees en rigting van die onderwys en die aanstelling van onderwysers het die adviserende skoolkomitee geen jurisdiksie nie. Die skoolkomitee kan aanbevelings by die Direkteur doen met betrekking tot die beplanning van skoolgeboue en skoolter= reine of die voorsiening of verbetering van fisiese gerie= we by die skool en losiesinrigtings. Die komitee kan ook hulp verleen met die voorsiening van fondse tot voor= deel van die skool. (17)

### 6.2.4 Sentralisering

Hoewel die sentralisering van skoolgeriewe nooit deur wetgewing aangemoedig of vasgelê is nie, is die gedagte deurgaans deur die onderwysdepartement van Natal bepleit. Die Departement het dan ook doelgerig in hierdie rigting gewerk. Dit was egter duidelik dat sentralisasie nie kon slaag tensy die nodige fasiliteite óf deur die daar= stelling van koshuise óf deur die vervoer van leerlinge na groter sentra deur die Departement geskep sou word nie. Die eerste twee koshuise in Natal is dan ook in 1911 op Utrecht en Vryheid in gebruik geneem. (18)

Hoewel die toename in kosinrigtings aan die begin maar

---

(17) Natalse ordonnansie no. 46 van 1969 soos gewysig en gepubliseer in Provinsiale kennisgewing 554 van 1970, art. 9(1), 9(2).

(18) Sansbury, op. cit., p. 13.

stadig was (in 1915 was daar slegs 5) het die gedagte veld gewen en was daar in 1918 alreeds 13 kosinrigtings in Natal met 'n totaal van 530 loseerders. Losiesgeld het R4 per maand bedra. (19)

Ten einde sentralisering te laat slaag, moes die Departe= ment ook volkome beheer verkry oor die onderwys ten einde self te kon bepaal waar skole opgerig moes word. Die stel= sel van staatsondersteunde skole waar die ouers tog 'n mate van seggenskap gehad het in die bepaling van wáár 'n skool opgerig sou word, moes vervang word met 'n stelsel van staat= skole waar die Departement alleen sou kon besluit waar skool= geriewe sou bestaan. Terwyl daar in 1909 52 staatskole was, was daar in 1910 alreeds 62. (20)

Met die inwerkingstelling van die onderwysordonnansie in 1918 wat bepaal het dat primêre onderwys gratis voorsien word, is alle ondersteunde skole deur die Departement oorge= neem as staatskole. (21) Verdere sentralisering en die verbetering van vervoer van leerlinge na skole is in 1921 deur hoofinspekteur H. Bryan bepleit. Die dringende behoefte aan sentralisering is ook in 1923 deur die Superintendent van Onderwys beklemtoon. (22) Die amalgamering van skole is weer eens in 1926 bepleit en in 1934 is klem spesifiek op die koshuisstelsel geplaas as "an attempt to assist the centralisation of rural children at suitable schools without overburdening the parent with excessive fees for board". (23)

Die instelling van die stelsel van gedifferensieerde onder=

---

(19) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1918).

(20) Ibid. (NED 1910).

(21) Sansbury, op. cit., p. 23.

(22) Ibid., p. 36.

(23) Ibid., p. 107.

wys in 1962 en die komprehensiewe skoolstelsel het sentrali=sasie nog verder aangehelp.

Só geslaag was die stelsel van sentralisering van skoolge=riewe in Natal dat die klein, plattelandse skooltjie van die toneel verdwyn het. In sy plek het, op die groter sen=tra, skole van 800+ leerlinge 'n algemene gesig geword.

### 6.2.5 Personeelvoorsiening in Natal

Die tekort aan geskikte onderwyspersoneel is nie 'n hedendaag=se verskynsel nie en die grondliggende oorsaak van die tekort is so oud soos die probleem self. Die Superintendent van Onderwys meld hieromtrent dat "the young fellows in the province fight shy of a profession which entails years of study and drudgery and has only a very few late plums to offer". (24) Die gevolg van onvoldoende salarisse was dan ook dat geskikte onderwysers nie altyd geredelik bekombaar was nie.

Die tekort aan tweetalige onderwysers was gedurende die periode 1910 tot 1920 kritiek. Die behoefte is dan ook uitgespreek dat Natal 'n inrigting vir die opleiding van sy eie onderwysers moes hê, verkieslik op 'n plek soos Vryheid "which shall be entirely for Dutch students and in the Dutch medium". (25)

Die opleiding van onderwyspersoneel in Natal was ook nie na wense nie, want die Superintendent van Onderwys berig dat "to supply normal needs, we should turn out not less

---

(24) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1911).

(25) Ibid. (NED 1919).

than 70 trained teachers a year; of whom at least half should be men, in fact, we get about 40, of whom 5% are men". (26)

### 6.2.6 Medium van onderrig

#### 6.2.6.1 Algemeen

Die aandrang op die onderrig van Hollands het na 1910 sterk toegeneem en in 1914 kon die S.O. berig dat "few schools now remain in the northern districts in which Dutch is not taught, and in the middle and southern districts it is re= ceiving more and more attention". (27)

In 1916 het die tweetaligheidsordonnansie in werking getree waardeur die keuse van die medium van onderrig van die kind aan die ouer oorgelaat is. (28) Dit is opgevolg met die aanstelling van inspekteur P. Fouché in 1917. Inspekteur Fouché was hoofsaaklik belas met die inspeksie van Hollands in skole in die Noordelike Distrikte. (29)

'n Magdom probleme het die suksesvolle implementering van die tweetaligheidsordonnansie verhinder. "The great obsta= cle to the carrying out of the ordinance was the lack of trained teachers who could deal with the pupils through the Dutch medium". (30)
'n Verdere probleem was dat alle skoolhandboeke, behalwe

---

(26) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1919).
(27) Ibid. (NED 1914).
(28) Natalse Ordonnansie no. 15 van 1916.
(29) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1917).
(30) Ibid. (NED 1916).

dié vir die Hollandse Taal, in Engels geskryf was. Van=weë die beperkte getalle leerlinge wat onderrig deur medium van Hollands verkies het, was dit ook nie prakties moontlik om vir alle standerds Hollandsmedium klasse te skep nie. Die rede waarom baie ouers steeds verkies het om hul kinders deur medium van Engels te laat onderrig, was suiwer ekono=mies van aard. Materieel gesien was Engels die taal van die werkgewer en het dit die kind se toekoms verseker. Kennis van Engels was gelykgestel aan opvoeding. (31)

Die grootste probleem was egter die feit dat Hollands lank nie meer die spreektaal van die Afrikanerkind was nie. Tuis en op die speelgrond is Afrikaans gepraat en vir baie was die aanleer van Hollands net so moeilik soos dié van Engels. Die blote feit dat van die onderwysers Afrikaans=sprekend was, het nie beteken dan hulle deur medium van Hollands onderrig kon gee nie. Die Superintendent van Onder=wys was tereg van mening dat die Afrikanerkind die reg moes hê om sy moedertaal te bestudeer. Hy het gehoop "that the day is not far distant when Afrikaans will be recognised in our own schools". (32)

Reeds vanaf die begin van 1921 is Afrikaans as vak en as medium van onderrig, addisioneel tot Hollands, in gebruik geneem. Die Superintendent van Onderwys skryf dat: "the keen interest taken by teacher and pupil alike in the study of Afrikaans hallmarks its introduction into our schools as a progressive step in education". (33)

---

(31) Stander, J.H.: Afrikaansmediumskool - deurbraak te Pietermaritzburg. (In: Afrikaans. 1875-1975, p. 25).

(32) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1919).

(33) Ibid. (NED 1921).

In 1925 het die Unieparlement Nederlands as landstaal deur wetgewing vervang met Afrikaans en het Nederlands as voertaal vir alle praktiese doeleindes ophou bestaan. (34)

Vanaf 1941 is die verpligte studie van albei offisiële tale vanaf standerd 1 deur leerlinge in blanke skole in Natal vereis. (35)

Tot 1970 was die medium van onderrig van leerlinge wat tot staats- of staatsondersteunde skole in Natal toegelaat is die amptelike taal wat deur die ouers gekies is. Vanaf die begin van die skooljaar 1970 egter is die medium van onderrig van leerlinge wat vir die eerste keer tot 'n staat=skool toegelaat is die leerling se moedertaal. Alle leer=linge moes egter vanaf die begin van die derdejaarkursus albei amptelike tale geleer word. (36)

### 6.2.6.2 Die voertaalkwessie in die Vryheidse distrik

In 1918 was daar 834 leerlinge in skole in die Vryheidse distrik. Hiervan was 609 Afrikaanssprekend en 225 Engels=sprekend. 247 Leerlinge of 40,6% het onderrig deur medium van Hollands ontvang terwyl 457 leerlinge Hollands as vak geneem het (37) Teen 1920 was daar 1250 leerlinge in skole in die Vryheidse distrik waarvan 831 Afrikaanssprekend was. Hiervan het 463 of 55,7% onderrig deur medium van Hollands

---

(34) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1921).

(35) Natalse Ordonnansie no. 23 van 1941.

(36) Natalse Ordonnansie no. 46 van 1970, artt. 14 en 15.

(37) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1918).

ontvang. (38)

Met die bekendstelling van Afrikaans as medium van onderrig in Natal (in 1921) het 300 van die 763 Afrikaanssprekende leerlinge in die Vryheidse distrik Afrikaans as medium van onderrig verkies, 75 het onderrig deur medium van Hollands ontvang terwyl 388 nog steeds deur medium van Engels onderrig ontvang het. (39)

Die waarde van tweetaligheid is ook al hoe meer besef. In 1922 was daar in die Vryheidse distrik 453 leerlinge wat onderrig deur medium van Engels ontvang het. Hiervan het slegs 175 of 38,0% Afrikaans as tweede taal bestudeer. (40) In 1928 was daar 532 leerlinge in skole in die Vryheid=se distrik wat onderrig ontvang het deur medium van Engels. 409 of 77,0% hiervan het Afrikaans as tweede taal bestudeer, 'n vermeerdering dus van 39,0%. (41)

Ten opsigte van leerlinge wat deur medium van Afrikaans onderrig ontvang het, het 71,0% in 1922 Engels as tweede taal bestudeer terwyl 82,0% in 1928 Engels as tweede taal bestudeer het. (42)

Vanaf 1941 moes alle leerlinge van skole in die Vryheidse distrik vanaf standerd 1 albei amptelike tale aanleer.

### 6.2.7 Leerplanne en eksaminering

In 1910 was onderwys in Natal hoofsaaklik elementêr van

(38) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1918).
(39) Ibid. (NED 1921).
(40) Ibid. (NED 1922).
(41) Ibid. (NED 1928).
(42) Ibid. (NED 1928).

aard aangesien die tydstip waarop 'n leerling die skool kon verlaat, gestel was op ouderdom 14 of die verwerwing van 'n standerd 5-sertifikaat. Eksamens wat in dié tyd afgeneem is, was die Junior Sertifikaat-eksamen en die Taalbondeksa=mens. Leerlinge wat verder studeer het, was aangewese op die Kaapse Matrikulasie-eksamen en die School-Leaving Certi=ficate. (43)

Die feit dat so baie leerlinge skool op 'n te vroeë ouderdom verlaat het, het die onderwysowerheid bekommer. Pogings is derhalwe aangewend om onderwys meer sinvol te maak. Departementele beleid is in 1923 deur die Superintendent van Onderwys as volg uitgespel: "Secondary education should respond to the need of the country. We should be in far closer touch with the commercial, technical, professional and agricultural needs of the province than we are". (44)

Die toepassing van hierdie nouer betrokkenheid by landsbe=hoeftes het neerslag gevind in die bekendstelling van han=delsvakke in Natalse skole.

Die behoefte aan Landbou en handelsvakke in Natalse skole is in 1929 weer deur die Superintendent van Onderwys be=pleit, maar die probleem was dat geld nie beskikbaar was ten einde geboue op te rig en onderwysers te bekom om die werk te doen nie. (45)

Vanaf 1933 het die klem geval op Landbou, onder andere as 'n poging om die plattelandse kind op die plaas te hou. Dit was die taak van dr. L.R. van Graan, as organiseerder

---

(43) Logbook: Hoërskool Vryheid. s.p.

(44) Sansbury, op. cit., p. 36.

(45) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1929).

van Landbou, om toe te sien dat Landbou in plattelandse skole aangebied word. (46).

In 1949 is die afskaffing van die standerd 6-eksamen in blanke skole oor die algemeen met genoeë verwelkom. In 1951 is die eerste Natalse Junior Sertifikaat-eksamen (stan= derd 8) afgeneem en vanaf 1953 het Natal ook sy eie Senior Sertifikaat-eksamen afgeneem.

## 6.3 DIE INVLOED VAN POLITIEKE, NASIONALE EN EKONO= MIESE GEBEURE OP DIE ONDERWYS

### 6.3.1 Politieke en nasionale gebeure

Gebeurtenisse van nasionale en politieke belang gedurende die periode 1910-1975 was in chronologiese volgorde: die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918), die rebel= lie van 1914, die mynstakings van 1921, die oorname van die regering deur die Nasionale Party in 1924, die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939, die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 en Republiekwording in 1961.

Daar kan nie aangetoon word dat enige van hierdie gebeurte= nisse enige invloed gehad het op die onderwys in Natal en in die Vryheidse distrik nie, behalwe in soverre politieke en nasionale gebeure ekonomiese implikasies vir die onderwys gehad het.

### 6.3.2 Ekonomiese gebeure

Die ganse tydperk vanaf die Anglo-Boere-oorlog tot 1935

---

(46) Sansbury, op. cit., p. 83.

was, vanuit 'n ekonomiese oogpunt, kritieke jare. Die ont= wrigting van die Anglo-Boere-oorlog en die depressie van 1907 is gevolg deur die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918. Dit is gevolg deur die depressie van 1919-1925. As gevolg van die depressie is geen hoërskole in 1920 in Natal geopen nie. (47)

Weens ekonomiese druk is kinders op die plase benodig om te werk. Dit het die aansoeke om plaasskoolsubsidies laat toeneem. Waar daar in 1922 164 plaasskole in Natal was, was daar in 1924 259 plaasskole. Weens finansiële druk het die manspersoneel ook uit die onderwys begin bedank en het die persentasie mans gedaal van 40% tot 28% in 1925. (48)

Die matige herstel van die wêreldekonomie vanaf 1926 het nog nie tot in Suid-Afrika deurgewerk nie toe die volgende wêrelddepressie van 1928 tot 1933 op die land toegesak het. As gevolg van knellende finansies moes subsidies aan skole in 1932 verminder word. Ook die onderwyspersoneel moes in hierdie jaar toesien hoe hul salarisse verminder word. (49)

Na die Tweede Wêreldoorlog het die landsekonomie stelselma= tig verbeter. Dit het verreikende gevolge vir die onderwys gehad aangesien geld beskikbaar geword het vir die oprigting van skoolgeboue, koshuise asook die uitlê van sportterreine.

---

(47) Sansbury, op. cit., p. 30.
(48) Ibid., p. 42.
(49) Ibid., p. 58.

## 6.4 EVALUERING

Onderwys is, moet en behoort altyd kindgesentreerd te wees. Onderwysontwikkeling in Natal het dan ook vanuit 'n kindgesen= treerde standpunt ontwikkel.

Die tydperk 1910 tot 1975 word gekenmerk deur 'n groteske poging van owerheidsweë om alles moontlik te doen om elke kind in Natal binne die onderwysopset te betrek en van hulle volwaardige landsburgers te maak, toegerus vir hul lewens= taak. Hierdie ideaal kon alleen bereik word binne 'n streng gesentraliseerde onderwysbestel, beide wat onderwysfasili= teite en onderwysbeheer aanbetref.

Hoewel dit Natal soms verkwalik word dat te min ouerseg= genskap toegelaat word, is hierdie kwessie tog ook 'n twee= snydende swaard. Per slot van sake is die onderwysadmini= strasie tog die beste in staat om te besluit oor sake van onderwysbelang.

-ooOoo-